higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4

22 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C✓
1.2 A✓
1.3 B✓
1.4 C✓
1.5 B✓
1.6 D✓
1.7 B✓
1.8 A✓
1.9 D✓
1.10 D✓
1.11 C✓
1.12 A✓
1.13 C✓
1.14 B✓
1.15 D✓

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

2.1 'n leerlingskap✓
2.2 konteks✓
2.3 toepaslike✓
2.4 grondslag✓
2.5 ontdek✓
2.6 vertikale✓
2.7 daagliks✓
2.8 holistiese✓
2.9 Beste✓
2.10 geboorte✓
2.11 gebrek aan✓
2.12 leerproses✓
2.13 kuns-✓
2.14 papegaaiwerk✓
2.15 kindgesentreerde✓

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

3.1. Waar✓
3.2 Waar✓
3.3 Onwaar✓
3.4 Onwaar✓
3.5 Onwaar✓
3.6 Waar✓
3.7 Waar✓

Kopiereg voorbehou

3.8 Waar✓
3.9 Onwaar✓
3.10 Onwaar✓
3.11 Waar✓
3.12 Onwaar✓
3.13 Waar✓
3.14 Waar✓
3.15 Onwaar✓
3.16 Onwaar✓
3.17 Onwaar✓
3.18 Waar✓
3.19 Waar✓
3.20 Onwaar✓ (20 × 1) **[20]**

VRAAG 4

4.1
4.1.1 K✓
4.1.2 D✓
4.1.3 J✓
4.1.4 A✓
4.1.5 F✓
4.1.6 B✓
4.1.7 M✓
4.1.8 I✓
4.1.9 G✓
4.1.10 H✓
4.1.11 L✓
4.1.12 E✓
(12 × 1) (12)

4.2
4.2.1 Ouervergadering✓
4.2.2 Nuusbrief✓
4.2.3 Opname✓
4.2.4 Kennisgewingsbord✓
4.2.5 Boodskapboek/WhatsApp✓
4.2.6 Register✓
4.2.7 Teksboodskap✓
4.2.8 E-pos✓
(8 × 1) (8)

4.3
4.3.1 Klein✓
4.3.2 Groot✓
4.3.3 Klein✓
4.3.4 Klein✓
4.3.5 Groot✓
(5 × 1) (5)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Daaglikse plan✓
5.1.2 Maandelikse plan✓
5.1.3 Jaarplan✓
5.1.4 Mikrogroepplan of kleingroepplan✓

(4 × 1) (4)

5.2 5.2.1 **PERSOONLIK/ALGEMEEN:**
KIND SE NAAM EN VAN✓ GEBOORTEDATUM✓
KIND SE OUDERDOM✓ ASSESSERINGSAREA✓
DATUM VAN ASSESSERING✓
GROEP (5)

5.2.2 Aktiwiteit 1: Die kinders moet die syfer op die kaart pas by die aantal kolle op die ander kaart.✓✓

Aktiwiteit 2: Die kinders tel Lego-blokkies en plaas die blokies op die korrekte syferkaart.✓✓

LET WEL: EEN punt vir 'n gesyferdheidsaktiwiteit wat verband hou met die syfers 1-10 en EEN punt vir die aktiwiteit wat geskik is vir die ouderdom.

(Aanvaar alle toepaslike antwoorde 2 × 2) (4)

5.2.3 Aktiwiteit 1: Kinders bou huise met blokkies op die speelmat. Kan die kind blokkies suksesvol opmekaar sit?✓✓

Aktiwiteit 2: Die kinders knip prente van gesonde kos uit tydskrifte en plak dit op papier.

LET WEL: EEN punt vir 'n kleinmotorieseaktiwiteit en EEN punt as die aktiwiteit geskik vir die ouderdom is.✓✓

(Aanvaar alle toepaslike antwoorde 2 × 2) (4)

5.2.4 Aktiwiteit 1: Kinders skop 'n bal na 'n teiken.✓✓

Aktiwiteit 2: Die kinders gaan deur 'n hindernisbaan waar hulle onder 'n bank moet deurkruip, oor 'n klein tafeltjie klim en na die eindstreep hardloop.✓✓

LET WEL: EEN punt vir 'n grootmotorieseaktiwiteit wat verband hou en EEN punt as die aktiwiteit geskik is vir die ouderdom.✓✓

(Aanvaar alle toepaslike antwoorde 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

5.3
- Leer kinders liedjies uit verskillende kulture✓ tydens musiektyd.
- Vertel/lees stories voor uit verskillende kulture✓ gedurende storietyd.
- Temas kan verskillende kulture se klere en gewoontes,✓ kulturele en godsdienstige vakansies✓ en verskillende kulturele kos insluit.
- Sorg dat daar 'n klomp verskillende kulturele drag, musiekinstrumente, ens. in die fantasiearea is.

(Enige TWEE toepaslike voorbeelde is aanvaarbaar, maar dit moet in 'n volsin verduidelik word en verband hou met die aktiwiteit.) (4)

[25]

VRAAG 6

6.1 a. Strandbal en emmertjiestel✓
c. Hobbelperd✓
d. Swaai wat uit hokkie bestaan✓
f. Skopfiets✓

(Slegs die letters a–f is ook 'n aanvaarbare antwoord) (4)

6.2 6.2.1 Die kinders moet 'n bal✓ in 'n snippermandjie of 'n klein teikenarea gooi.✓ (2)

6.2.2 Gee vir die kinders 'n groot bal✓ en laat hulle dit in 'n groot teikenarea gooi.✓ (2)

6.2.3 Die kinders kies 'n maatjie en sit in pare✓ en beskryf hulle maatjie (liggaamsbeeld).✓ (2)

6.2.4 Sit 'n kind met swak selfbeeld langs 'n kind wat empaties en versorgend is✓ om interaksie aan te moedig.✓ (2)

6.2.5 Kinders moet prente van hulself teken✓ en dit uitsny.✓ (2)

6.2.6 Gee vir die kinders groot kwasse✓ en laat hulle die prentjie uitskeur in plaas daarvan om dit uit te sny.✓ (2)

6.2.7 Plaas die kinders in 'n halfsirkel✓ en lees vir hulle 'n storie.✓ (2)

6.2.8 Laat die kind met gehoorgebrek voor naby jou sit✓ en sorg dat jy duidelik en hard praat en prente wys terwyl jy die storie vertel.✓ (2)

LET WEL: Aanvaar alle toepaslike antwoorde rakende die oorspronklike aktiwiteit, maar dit moet goed verduidelik word en verband hou met die ontwikkelingsarea en geskik vir die ouderdom wees.

Die gewysigde aktiwiteit moet verband hou met die oorspronklike aktiwiteit en duidelik wys hoe die spesiale behoefte geakkommodeer word.

Kopiereg voorbehou

6.3 Visueel✓ Ouditief✓ Taktiel✓ Kinesteties✓ Verbaal✓
Ander leerstyle is: sosiaal, alleen, logies (Aanvaar enige 5 × 1) (5)
[25]

VRAAG 7

7.1
- Kinders boots volwassenes se gedrag na✓ – dis belangrik om vir kinders te modelleer hoe om kalm te bly, woede te beheer en oplossings te kry.✓
- Laat kinders toe om hul gevoelens uit te druk deur hulle aan aktiwiteite te laat deelneem✓ waar hulle hul gevoelens kan uitdruk.✓
- Hou kinders ingelig✓ oor veranderings in die skedule om 'n stresvrye omgewing te verseker.✓
- Help kinders om te onderskei✓ tussen realiteit en verbeelding.✓
- Praat met kinders oor alledaagse gebeurtenisse✓ selfs al was dit spanningsvolle voorvalle.✓
- Moedig kinders aan om hul vaardighede en spesiale belangstellings te ontwikkel – dit gee hulle 'n gevoel van selfvertroue en verbeter hul selfbeeld.
- Leer kinders probleemoplossingsvaardighede.
- Gee kinders die ruimte om hul gevoelens uit te druk selfs al is dit negatiewe gevoelens soos woede en angs.
- Laat kinders bydra tot die gesinslewe met hul eie takies en verantwoordelikhede. (Enige toepaslike antwoorde 5 × 2) (10)

7.2 7.2.1 Die gemeenskap of enigeen wat die kind teëkom.✓
'n Groep mense wat saamwoon in een plek met gemeenskaplike eienaarskap. (1)

7.2.2
- Geestessiekte:✓ Hulp word aangebied by gemeenskapsgesondheidsentrums, distrikshospitale en psigiatriese hospitale.✓
- Middelmisbruik:✓ Maatskaplike werkers van die Departement van Maatskaplike Dienste sal met gesinne werk waar middelmisbruik 'n probleem is.✓
- Fisiese siekte:✓ Regeringshospitale en klinieke sal jong kinders gratis behandel.✓
- Huishoudelike geweld:✓ Die SAPD en die Departement van Maatskaplike Dienste sal ingryp by sodanige gevalle veral waar kinders betrokke is.✓
- Armoede:✓ Die Departement van Maatskaplike Dienste gee toelaes aan werkloses asook kindertoelae aan diegene wat daarvoor kwalifiseer.✓
- Gebrek aan behuising: Die regering bied HOP-huise vir diegene wat daarvoor kwalifiseer.
- Gemeenskappe moet bewus wees daarvan dat:
- Gesinne se basiese behoeftes bevredig moet word.
- Jong kinders moet warm, ondersteunende en koesterende verhoudings met ouers en versorgers hê.

- Daar moet vroeg reeds ingegryp word by jong kinders en hul gesinne om skadelike gevolge van huishoudelike geweld, middelmisbruik, geestessiekte, ens. te voorkom.
- Gemeenskappe moet saamwerk om gesinne te bemagtig deur hulle van die nodige vaardighede te voorsien.
- Die gemeenskap moet saamwerk na 'n gemeenskaplike doelwit.
- In gevalle van sterfte of siekte moet die gemeenskap intree en kinders versorg in die afwesigheid van ouers of familie.
- Daar moet toesig gehou word oor kinders wat in die strate speel.
- Kerklidmate kan saamspan om 'n sukkelende gesin te help.
- Gemeenskappe beskerm en ondersteun hul lede. Hulle kyk uit vir mekaar en ondersteun individue en gesinne in hul gemeenskap.

(Enige 5 × 2) (10)

7.2.3
- Hulle kan donasies✓ maak aan skole met items soos verf, skryfbehoeftes, kos, ens.✓
- Plaas advertensies van hul onderneming✓ op skoolgeboue of in die skoolkoerant en betaal die skool.✓
- Bied professionele dienste teen afslag of selfs gratis aan. Voorbeelde: Die plaaslike oogkundige kan aanbied om die kinders se oë te toets of 'n rekeningkundige maatskappy kan aanbied om die skool se boeke te doen. (2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 8

8.1
- Praktisyns moet duidelik wees✓ oor wat aanvaarbare en wat onaanvaarbare gedrag in die klas is.✓
- Praktisyns moet die gevolge van onaanvaarbare gedrag✓ met die leerders bespreek.✓
- Leerders moet altyd veilig voel in die klas✓ en weet hulle sal nie gespot word as hulle foute maak nie.✓
- Praktisyns moet leerders prys en aanmoedig vir positiewe gedrag.
- Laat kinders toe om die reëls te maak en stel gevolge vas. Op dié manier neem hul eienaarskap van die reëls en sal dit meer waarskynlik nakom.

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2)

8.2
- Die oggendkring is gewoonlik die eerste deel van die dag: kinders begin die dag op 'n bekende wyse✓ wat hulle veilig laat voel.✓
- Sosiale vaardighede word aangemoedig✓ want kinders is betrokke by besprekings en interaksie met hul portuurgroep en onderwyser.✓
- Dis 'n geleentheid om die dag se tema en planne aan te kondig.
- Spesiale geleenthede soos verjaarsdae en spesiale nuus kan hier aangehoor en gevier word.
- Dit gee geleentheid vir gesprekke en ontwikkeling van taal.
- Die weer kan bespreek word. (Enige toepaslike antwoorde 2 × 2) (4)

8.3
- Die VKO-sentrum moet toeganklik wees vir rystoele:✓ deure moet wyd genoeg wees vir 'n rystoel om deur te kan gaan.✓
- Indien moontlik, bou opritte waar nodig vir rolstoele.
- Trappe moet relings hê✓ sodat diegene met fisiese probleme stewig daaraan kan vashou as hulle die trappe op- of afklim.✓
- Los trappe, rommel of plaveistene moet verwyder word✓ om kinders wat slegs gedeeltelike sig het, te beskerm.✓
- Rolstoele en kinders op krukke:✓ Sorg dat daar genoeg beweegruimte binne die klaskamer is.✓ (Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

8.4
- Sy moet al die kinders met respek behandel, insluitend dié met gestremdhede.✓
- Help kinders met gestremdhede op 'n vriendelike en geduldige wyse.✓
- Verduidelik aan die kinders wat die gestremdheid behels, die kind se uitdagings en hoe hulle die kind kan help.✓ (3)

8.5
- Die praktisyn moet seuns en dogters in haar groep gelyk behandel,✓ bv. moenie afknouery toelaat nie, veral ten opsigte van gender.✓
- Laat seuns toe om in alle areas te speel, selfs met die tradisionele dogtertjiespeelgoed✓ en omgekeerd met die dogters.✓
- Plakkate moet meisies toon in klere wat tradisioneel met manlike rolle vereenselwig word, bv. as dokters of vlieëniers. Dieselfde vir seuns, bv. verpleërs en haarkappers.
- Stories moet ook nie genderrolle stereotipeer nie.

(Enige toepaslike antwoorde 2 × 2) (4)
[25]

VRAAG 9

9.1
- Die ouer sal op hoogte gehou word van die kind se ontwikkeling✓ en enige uitdagings✓ wat die kind mag ervaar as hulle gereelde kontak met die skool het.
- Dit verhoog die kind se selfbeeld✓ as die ouer skool toe kom en na sy/haar werk kom kyk.✓
- Die skool sal gemaklik voel om die ouer te nader as daar probleme met die kind is.
- Die kind sal nie probeer om die ouer teen die skool af te speel as die ouer heeltemal betrokke is en al die feite ken nie. (Enige toepaslike punte 2 × 2) (4)

9.2 **DAGMOEDERS**

9.2.1 **Voordele**
- Word in huisomgewing versorg✓ wat minder stresvol vir die baba sal wees.✓
- Daar is minder kinders✓ en die kind sal meer individuele aandag kry.✓ (2 × 2) (4)

9.2.2 **Nadele**

- Sosiale vaardighede kan dalk benadeel word✓ want die dagmoeder kan slegs 'n beperkte aantal kinders inneem.✓
- Die dagmoeder is nie noodwendig geregistreer by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling nie✓ en word dus nie altyd doeltreffend gemonitor nie.✓ (2 × 2) (4)

9.3 9.3.1

- James het kollege opgeskop sonder om sy studies/kwalifikasies te voltooi✓ en is daarom dalk nie toegewy aan die onderneming nie.✓
- James het nie besigheidservaring nie✓ en sal dalk nie die onderneming doeltreffend kan bestuur nie.✓
- Hy is jonk✓ en dit kan dalk veroorsaak dat ouers 'n gebrek aan vertroue in hom sal hê.✓
- Hy het nie VKO-ervaring of kwalifikasies nie✓ en kan dit dus dalk moeilik vind om personeel te beheer of met ouers te gesels op 'n ingeligte wyse.✓
- Gebrek aan ervaring: James het dalk nie vorige ervaring of opleiding om 'n dagsorgsentrum te bestuur nie wat dit vir hom kan moeilik maak om die verskillende verantwoordelikhede wat daarmee saamgaan te hanteer, soos byvoorbeeld personeelbestuur, kurrikulumontwikkeling en finansiële beplanning.
- Emosionele nood: Die onlangse verbreking van sy verhouding met sy meisie kan dalk James se emosionele welstand aantas wat weer kan maak dat hy sukkel om te konsentreer en goeie besluite te neem in sy nuwe rol as dagsorgbestuurder.
- Finansiële kwellings: Om 'n dagsorgsentrum te bedryf, verg aansienlike finansiële belegging vir die koop van die onderneming, om fasiliteite te onderhou, personeel te huur en nakoming van regulasies te verseker. As James en sy ma finansiële struikelblokke het, kan dit 'n hindernis wees vir die dagsorgsentrum se bedrywighede en groei.
- Gebrek aan belangstelling of passie: James het dalk nie 'n opregte belangstelling of passie om in die kindersorgbedryf te werk nie. Sonder entoesiasme sal hy sukkel om homself te motiveer en doeltreffend betrokke te wees by die kinders, ouers en personeellede.
- Gebrek aan ondersteuning of leiding: Sonder behoorlike mentorskap of ondersteuning van ervare praktisyns in die kindersorgveld, kan James sukkel om struikelblokke te oorkom en ingeligte besluite te neem wat tot moontlike terugslae vir die dagsorgsentrum kan lei. (Enige 4 × 2) (8)

9.3.2 James kan aan die volgende eienskappe werk om suksesvol te wees:

- Sy selfvertroue✓
- Gefokusde denke✓
- Sy vermoë om hulpbronne te bestuur✓
- Hoë energievlakke✓
- Studeer vir 'n VKO-kwalifikasie
- Kom regulasies heeltyd na
- Ontwikkel sy kreatiewe denkvaardighede
- Identifiseer geleenthede
- Ontwikkel sy organisasievaardighede
- Ontwikkel sy leierskapsvaardighede
- Belê in personeelopleiding
- Kry 'n mentor by 'n ander sentrum om hom te help
- Fokus op kliëntediens

(Enige toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou